**Standaarditems, op die agenda** van die FGGW Komitee vir Nagraadse Navorsing (KNN) sluit in die benoeming van navorsingsgraadstudieleiers en -eksaminatore, aansoeke vir die onderbreking van navorsingsgraadstudies, en veranderinge van navorsingsgraadprojektitels. Hierdie items word via departementele Nagraadse Programkomitee-rapporte in Senaatformaat op die agenda geplaas. Die rapporte word aan tyg-phd@sun.ac.za gestuur en aan mjanties@sun.ac.za gekopiëer. Raadpleeg asb die Riglyn Dokument vir die Opstel van 'n NPK Rapport vir meer inligting.. Geen NPK-verslag mag ingedien word tensy die voorsitter van die NPK vooraf die geleentheid gehad het om die inhoud daarvan goed te keur nie. Let wel: Stuur asseblief alle voorleggings vroeër eerder as later, aangesien finale US afsnydatums soos deur die US Senaat bepaal, op 'n besondere streng tydlyn tot die twee reekse gradeplegtighede per jaar bestuur word.

Die **benoeming van eksaminatore** vir navorsingsmeesters- en doktorsgrade word op die agenda geplaas via departementele nagraadse komiteeverslae, vergesel van 'n voltooide nominasievorm, kontakbesonderhede, en 'n CV vir elke eksterne eksaminator. Geen navorsingsmagistertesis of doktorale proefskrif mag vir eksaminering gestuur word voor die goedkeuring van eksaminatore deur die KNN nie. So ver moontlik behoort een interne US eksaminator en twee eksterne eksaminatore vir elke doktorale kandidaat benoem te word. Eksaminatore moet ses maande voordat studente hul werk vir eksamen indien, genomineer word.

Sekere items word deur die hoof van die Tygerberg Doktorale Kantoor op die agenda geplaas sodra bepaalde US-mylpale bereik is:

Die **goedkeuring van 'n PhD-navorsingsprojek** word deur die Sekretaris op die agenda geplaas na die suksesvolle oorsigproses en sodra die klaringsbrief van die betrokke Etiekkomitee, met die naam van die kandidaat, ingedien is by die Tygerberg Doktorale Kantoor. Alle kandidate moet daarna streef om aansoek te doen vir etiese klaring binne ses maande vanaf toetrede tot die program.

> Nota 1: Hierdie voorlegging sluit die formele benoeming van die studieleiers in. Die persentasie bydrae van beide interne en eksterne studieleiers moet op hierdie tydstip aangedui word. Die volgende meganisme moet gebruik word om die % verdeling van toesig akkuraat vas te lê, beide vir interne en eksterne studieleiers: 'n identiteit vir die eksterne studieleier moet op SUN-id geskep word en in die proses moet die individu gekoppel wees aan die korrekte departement waar hulle toesig lewer. Die persoon word soos gewoonlik aan die betrokke student gekoppel, maar die persoon word geïdentifiseer as "ekstern" en word op die NAO/PAS soekfunksie met hul US nommer (soos geskep in SUN-id) gevind. Dit maak voorsiening vir beide 'n akkurate uitbeelding van toesigwerklading en die korrekte vloei van fondse na die omgewing.
>
> Nota 2: Die title van 'n doktorale verhandeling moet in alle gevalle presies ooreenstem met die title wat deur die Senaat goedgekeur is. Indien 'n verandering van title benodig word, moet die verandering via 'n NPK-rapport gemotiveer word. Indien 'n verandering aan die focus, of vlak van die studie geïmpliseer word, word 'n hernude protocol oorsigproses vereis, heel moontlik gevolg deur 'n hernude etiekaansoek.
>
> Nota 3: Die hersiening en aanvaarding van 'n student se projek en titel kan nie by die KNN verwerk word as 'n kandidaat die program betree het sonder formele aanlyn aanvaarding om te studeer by die Universiteit Stellenbosch nie. Aanvanklike aansoek en keuring in die PhD-program vind aanlyn plaas, via die SunStudent studente inligtingstelsel.

Die **goedkeuring van PhD-uitslae** word op die agenda geplaas sodra die finale studieleierverslag, finale proefskrif en lys van regstellings die Tygerberg Doktorale Kantoor bereik het na die mondelinge eksamen wat aan die einde van die eksamenproses gehou is. Studieleierverslae kan voor die mondeling voorberei word, sodat slegs wysigings wat deur die mondeling vereis word, oorbly. Die finale studieleierverslag, finale proefskrif en kennisgewing van regstellings, alles in PDF-formaat, kan aangeheg word aan 'n e-pos na medphd@sun.ac.za (slegs hierdie adres) direk na die mondelinge aanbieding.

Studieleiers se motivering vir 'n student om die **maksimum periode** van 'n PhD te oorskrei, word vereis teen ses maande voordat die maksimum periode bereik word. Sien asb hierdie inligtingstuk oor die bepalinge rondom die maksimum periode. Motiveringsbriewe word versigtig deur die KNN, die Fakulteitsraad, en die Senaat oorweeg. Motiveringsbriewe word ten tye van die jaarlikse vorderingsverslag in Oktober versoek, vir elke PhD-student in jaar 5 wat nie teen 14 Oktober 'n verhandeling ingedien het vir eksaminering nie. Motiveringsbriewe word by tyg-phd@sun.ac.za ontvang.